LAERSKOOL PAUL GREYLING

SUNRAYWEG
VISHOEK
7975
TELEFOON: 021 782 3940
FAKS: 021 782 5445
E-POS: lpg@lpg.wcape.school.za

2019

LAERSKOOL PAUL GREYLING NASORGSENTRUM

Navrae: Me. Cindy Blom
Tel: (021) 782 3940 (13:00 tot 17:30)
Sel No: 084 580 4276

Geagte Nasorg Ouers

Ons verwelkom alle kinders vanaf Graad R tot en met Graad 7 by Laerskool Paul Greyling nasorg. Ons wil graag by die nasorg ‘n huis weg van die huis vir die kinders skep sodat hulle uitsien om na skool daarheen te gaan. Om dit te kan vermag, wil ek graag net die volgende onder u aandag bring.

Reëlings aangaande Nasorg:

- Kinders is altyd onder toesig.
- Kinders word voorsien van ‘n toebroodjie en koeldrank, maar u is welkom om ‘n ekstra broodjie of vrugte saam te stuur.
- Alhoewel ek kinders in die middag geleentheid gee om hulle huiswerk te doen, afhangende van naskoolse aktiwiteite, is dit nog steeds u plig om toe te sien dat huiswerk voltooi word.
- Stel ons asseblief in kennis indien u kind by ‘n maatjie gaan speel/partytjie gaan bywoon of met ‘n ander geleentheid huis toe gaan. **DIT IS VIR U KIND SE VEILIGHEID!**
- Medikasie sal slegs gegee word indien ons ‘n briefie gekry het.
- Kinders is self verantwoordelik vir speelgoed wat hulle nasorg toe bring.
- Maak asseblief seker dat die hek by nasorg altyd gesluit is.
- Indien enige inligting soos telefoonnommers of adresse verander, stel ons asseblief in kennis.

RESPEK: Kinders moet te alle tye respek teenoor die nasorgpersoneel asook die maats hê!